



## **PLIGTE VAN DIE ADJUNK HOOFTOESIGHOUER TYDENS DIE NASIONALE SERTIFIKAAT-EKSAMEN**

- **Die Adjunk Hooftoesighouer is onder die direkte beheer van die Hooftoesighouer.**
- **Die Adjunk Toesighouer verrig in hierdie opsig 'n belangrike bystandsfunksie om die Hooftoesighouer te help met die kontrole van die korrektheid van die administrasie van die eksamen.**

**Die Adjunk Hooftoesighouer moet bo en behalwe bogenoemde funksie ook die rol van Toesighouer vertolk. In hierdie hoedanigheid moet sy:**

- **al die toegangsbriewe van die kandidate kontroleer;**
- **die korrektheid van die inligting op die voorblad van die antwoordboek vergelyk met die toegangsbrief van die kandidaat;**
- **toesien dat alle skryfborde in die eksamelokale skoon is, d.w.s dat geen geskrewe notas of sketse daarop voorkom nie;**
- **toesien dat geen leerder skryf tydens die leestyd van 10 minute nie;**
- **kontroleer vanaf die puntestaat dat alle kandidate die regte vraestel ontvang het;**
- **toesien dat alle selfone afgeskakel is.**

**Die Toesighouers mag in geen omstandighede:**

- **'n kandidaat help in die interpretasie van vrae nie;**
- **enige werk of aktiwiteit doen wat om mag kniehalter in die uitvoering van sy pligte nie;**
- **die eksamensaal alleen verlaat nie;**
- **met 'n ander Toesighouer kommunikeer wat steurend kan wees vir die kandidate nie;**
- **'n vraestel vanuit die eksamenlokaal aan iemand anders oorhandig voordat die eksamensessie nie verby is nie.**

**Die Toesighouers moet toesien dat:**

- **alle kandidate hulle antwoordstelle inhandig (soos benodig);**

- **alle kandidate die teenwoordigheidsregister geteken het voordat hulle die eksamenlokaal verlaat;**
- **toesien dat die voorgeskrewe skryftyd nie oorskry word nie.**

**Die Toesighouers moet na die eksamensessie:**

- **kontroleer dat al die kandidate wat teenwoordig was, teenwoordig gemerk word en al die kandidate wat afwesig was, afwesig gemerk word;**
- **toesien dat al die antwoordstelle behoorlik verpak (batched) word na gelang van die eksamennommers op die puntestaat;**
- **toesien dat die puntestaat wat hoort by 'n spesifieke pak antwoordstelle (batch), in die verpakking daarvan ingesluit word;**
- **toesien dat geen kandidaat 'n gebruikte of ongebruikte antwoordboek uit die eksamenlokaal verwyder nie;**
- **kontroleer dat enige relevante inligting op die voorblad van elke kandidaat se antwoordstel behoorlik en korrek ingevul is.**

**oooOOooo**